

6 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 19:11-20
Fokusgedeelte: Handeling 19:20

Kragtig in die Naam van Jesus!

'n Naam wat wêreldwyd baie gebruik word, is sekerlik die Naam van ons Here Jesus. Soms met diepe geloofsoortuiging en andere kere lasterlik. Dit is asof die Skrif die waarde van die Naam van die Here nie sterk genoeg kan beklemtoon nie. Byvoorbeeld: die digter van Psalm 54:3 bid: *“O God, verlos my deur u NAAM”* (1953-vertaling). Uit hierdie en baie ander uitsprake is dit duidelik wat met die *Naam van die Here* bedoel word: *God self*. Daarom is die lastering van sy Naam 'n lastering van Homself.

In ons teks kry ons vir Paulus waar hy die evangelie in Efese verkondig. En die Here het die krag van die evangelie bevestig met wondertekens. Vir sommige Efesiërs was die evangelie egter 'n soort towerformule waarmee siekes gesond gemaak kan word, en bese geeste uitgedryf kan word. Die sewe seuns van Skeva was sulke mense. Mense wat net wou geld maak met die Naam van die Here. Sonder enige geloof in die evangelie, en met geen respek vir Jesus nie, misbruik hulle die enigste Naam waardeur 'n mens gered kan word!

Christus laat nie toe dat sy Naam met bymotiewe gebruik word nie, ons sien dit duidelik in dit wat met Skeva se seuns gebeur het.

Nou die vraag: “Wie en wat is Christus vir jou?” Is sy Naam maar net 'n mooi klank om 'n godsdienstige indruk te maak? Of woon Christus deur sy Heilige Gees in my, en het ek Hom regtig lief?

Die Here verwag van ons dat sy Naam opreg geglo en bely moet word. As ons ernstig is oor die Naam van die Here, sal sy Woord kragtig versprei! Wanneer Christus deur sy Heilige Gees so in ons lewe, sal ons teen die sonde staande bly, en God sal met groot krag deur ons in hierdie wêreld werk.

Sing: Psalm 145:1, 3 (1936)

Ds. DG (Dinant) Zwemstra (Bloempark)